



Agri SA

Conflict management and dispute resolution guide

Konflikthantering- en geskilbeslegting-handleiding

Compiled:

Centre of Excellence: Land
Centre of Excellence: Rural Safety


Saamgestel:

Sentrum van Uitnemendheid: Grond
Sentrum van Uitnemendheid: Landelike Beveiliging

November 2021

am bafuppa u o zabucuna
 muna yunnamu u ma
 nne yu mawuyana u
 fupamula nobuyana pama
 ngatamuna agetulu o
 amam amamam am -
 amamam amam amam
 amam amam amam
 amam, amamam amam
 amam. amam am amam
 amam, amam amamam
 - amam amam amam o
 amam am amam. amamam

Agri SA | Conflict management and dispute resolution guide | Konflikthantering- en geskilbeslegting-handleiding
 Agri SA © 2022



INDEX | INHOUDSOPGAWE

4	Purpose of the guide Doel van die handleiding
5	Conflict management and dispute resolution on farms Konflikhantering en geskilbeslegting op plase
8	Land related conflict Grondverwante konflik
9	Managing workplace conflict and dispute resolution Konflikhantering en geskilbeslegting in die werkplek
11	Conflict management and dispute resolution on farms through consensus seeking and trust building (Annexure 1) Konflikhantering en geskilbeslegting op plase deur konsensus te bereik en vertroue te bou (Bylae 1)
13	Workplace grievance procedure (Annexure 2) Werkplekgrieweprosedure (Bylae 2)
24	Workplace engagement forum (Annexure 3) Werkplekgespreksforums (Bylae 3)
26	Workplace facilitation and mediation (Annexure 4) Werkplekfasilitering en bemiddeling (Bylae 4)
27	Facilitation and mediation contact details (Annexure 5) Fasilitering en bemiddeling-kontakbesonderhede (Bylae 5)
29	Lessons learned from South African land mediation (Annexure 6) Lesse geleer uit grondbemiddeling in Suid-Afrika (Bylae 6)
33	Acknowledgment Erkenning



PURPOSE OF THE GUIDE

DOEL VAN DIE HANDLEIDING

The purpose of this **Agri SA conflict management and dispute resolution guide** is to provide a practical 'toolkit' for:

1. The effective management and resolution of **'community related' conflicts and disputes** occurring between a farm or farms and 'communities', including housing and eviction disputes, disputes regarding grazing and access to water, the repairing of, alteration and addition to housing structures, land use, visitors and other conflicts and disputes of a 'mutual interest' nature to both the farm and to the community.
2. The effective conflict management and resolution of 'internal' farm related **employment, labour, workplace, tenure, housing and related disputes**.

Mediation can assist parties to find common ground and in this regard contact details for the external facilitation and mediation (including 'conflict coaching') for both 'community' and 'workplace' conflicts and disputes have been included in Annexure 5.

DISCLAIMER

Although everything possible is done to ensure the correctness of this information, Agri SA and the Agri Securitas Trust Fund do not guarantee the accuracy thereof and Agri SA and the Agri Securitas Trust Fund do not accept any liability concerning the information contained herein.

Die doel van **Agri SA se Konflikhantering- en geskilbeslegting-handleiding** is om voorsiening te maak vir 'n praktiese hulpmiddel ('gereedskapskissie') met die oog op die volgende:

1. Die effektiewe bestuur en beslegting van **'gemeenskaps- verwante konflikte** en geskille wat tussen 'n plaas of plase en 'gemeenskappe voorkom, met inbegrip van behuising- en uitsettingsgeskille, geskille rondom weiding en toegang tot water, die herstel en verandering of uitbreiding van behuisingstrukture, grondgebruik, besoekers, en ander konflikte en geskille van 'wedersydse belang' vir die plaas en die gemeenskap.
2. Effektiewe konflikthantering en beslegting van 'interne' plaasverwante geskille rondom **indiensneming, arbeid, werkplek, verblyf, behuising en verwante aangeleenthede**.

Bemiddeling kan die partye help om gemeenskaplike grond te vind. Vir hierdie doel maak Bylae 5 voorsiening vir kontakbesonderhede vir eksterne fasilitering en bemiddeling (met inbegrip van konflik-afrigting) vir gemeenskaps- sowel as werkplekkonflikte en -geskille.

VRYWARING

Alhoewel alle moontlike sorg toegepas is om die korrektheid van hierdie inligting te verseker, waarborg Agri SA en die Agri Securitas Trustfonds nie die korrektheid van die inligting nie, en word Agri SA en die Agri Securitas Trustfonds hiermee gevrywaar van enige aanspreeklikheid rondom die inligting hierin vervat.



CONFLICT MANAGEMENT AND DISPUTE RESOLUTION ON FARMS

KONFLIKHANTERING EN GESKILBESLEGTING OP PLASE

CONFLICT: ITS CAUSES AND ITS STAGES

Conflict can be caused by a number of issues, which include:

- **Relationships** between individuals and groups.
- A **lack of effective consultation and engagement** between individuals and groups.
- A **lack of information sharing** between individuals and groups, with parties often not having the relevant or correct information to 'meaningfully engage' about the conflict or the dispute.
- **Differing needs and interests** (as opposed to rights) as identified by the parties, and different perceptions on how such needs and interests should be addressed.
- A **lack of or ineffective procedures/structures** for participation, engagement and for managing conflict and resolving disputes.
- Not having the necessary **negotiation and problem-solving capacity and skills** to engage the conflict and dispute resolution effectively.
- Possible **hidden agendas, lack of respect and lack of trust**.
- **Lack of government ability / will to truly resolve a matter**.
- **Political interference**.
- **Differing interpretation of legislation, e.g. impounding of animals, hunting with dogs, invasion for grazing or crops**.
- **Poor infrastructure (i.e. to prevent livestock conflicts)**.

Conflict can move through different stages. It can lie dormant and be unexpressed, and without effective conflict management and dispute resolution mechanisms that could detect it early on and manage it proactively and timeously, it could **manifest** and express itself in inappropriate and often 'costly' ways that could cause serious and significant harm to, people, property, jobs, finances, the economy and more. Conflict has the potential to be healthy or unhealthy, it can lead to creativity and growth, and it can lead to destruction and devastation.

Identifying its **different stages**, underlying causes, factors that can aggravate and worsen the conflict and factors that can stabilise, moderate and manage the conflict could assist in the early, proactive and constructive management of conflicts and disputes between individuals and parties.

KONFLIK: OORSAKE EN STADIA

Konflik kan veroorsaak word deur 'n aantal faktore, insluitend die volgende:

- **Verhoudinge** tussen individue en groepe.
- 'n **Gebrek aan doeltreffende beraadslaging en skakeling** tussen individue en groepe.
- **Gebrekkige deel van inligting** tussen individue en groepe, waar die partye dikwels nie die tersaaklike of korrekte inligting het om 'sinvol' oor die konflik of geskil te 'onderhandel' nie.
- **Verskillende behoeftes en belange** (anders as regte), soos geïdentifiseer deur die partye, en verskillende persepsies oor hoe sodanige behoeftes en belange aangespreek moet word.
- 'n **Gebrek aan, of ondoeltreffende prosedures/strukture** vir deelname en skakeling en vir die hantering van konflik en beslegting van geskille.
- Gebrek aan die nodige **onderhandelings- en probleem-oplossingskapasiteit en -vaardighede** vir doeltreffende konflik- en geskilbeslegting.
- Moontlike **verskuilde agendas** en 'n gebrek aan respek en vertroue.
- **Gebrek aan regering se vermoë of wil om werklik die probleem aan te spreek**.
- **Politieke inmenging**.
- **Verskillende vertolkings van wetgewing, bv. die skut van diere, jag met honde, grondbesetting vir weiding of gewasproduksie**.
- **Swak infrastruktuur (om veeverwante konflik te vermy)**.

Konflik kan deur **verskillende stadia beweeg**. Dit kan sluimerend en onuitgedruk bly en dan, weens 'n gebrek aan doeltreffende konflikhantering- en geskilbeslegtingsmeganismes om dit vroeg te identifiseer en proaktief en tydig aan te spreek, op on gepaste en dikwels 'duur' wyse manifesteer en tot uitdrukking kom, met aansienlike en vernietigende gevolge vir mense, eiendom, werkgeleenthede, finansies, die ekonomie ens. Konflik het die potensiaal om gesond of ongesond te wees, dit kan kreatiwiteit en groei tot gevolg hê, of dit kan venietiging en verwoesting saai.

Identifisering van die **verskillende stadia**, onderliggende oorsake, faktore wat die konflik kan vererger, en faktore wat die konflik kan stabiliseer, ontloot en bestuur, kan meehelp om konflikte en geskille tussen individue en partye vroegtydig, proaktief en konstruktief te bestuur.

THE FIVE MAIN APPROACHES TO MANAGING CONFLICT

- **Confronting** the conflict in an assertive manner.
- **Collaborating** with the individuals/parties.
- **Compromising**.
- **Accommodating** the individuals/parties.
- **Avoiding** dealing with the conflict.

There is no right or wrong approach when it comes to managing conflicts and to resolving disputes, however each of the above approaches used 'appropriately' in the circumstances could lead to the conflict being managed in either an effective or an ineffective manner.

To find out your own 'preferred' or more natural conflict style you could take this assessment that will also give you feedback on when the use of each style could be either more or less effective in the given circumstances:

<https://www.usip.org/public-education/students/conflict-styles-assessment>

RIGHTS AND INTERESTS DISPUTES

Rights disputes have as their basis a right to something as a result of legislation (statutes, case law, common law) and other legally binding agreements, as a first step in such a conflict or a dispute the parties are encouraged to try to resolve the matter through consensus seeking, dialogue and communication with or without the assistance of a facilitator or a mediator. Should the individuals and/or groups not reach an amicable agreement or settlement, they would then have the right to (in most cases) proceed to an adjudicated process like arbitration or to the court.

Interest disputes and conflict come about not from rights but rather an 'interest' that an individual or a group has in acquiring something. These conflicts and disputes should also initially be engaged between the individuals in a more consensus seeking approach such as consultation and negotiation and facilitators and mediators could also be engaged where the parties agree to this. Should 'interest' matters not be resolved consensually or amicably, individuals and groups might resort to other forms of action including demonstrations, occupations, violence and in the workplace, strike action, lockouts and pickets. Certain types of action in labour or workplace interest disputes are protected by legislation, however, other types of action may not be and may even be illegal with the need to remedy it through legal (adjudicative) channels and mechanisms.

DIE VYF HOOFBENADERINGS TOT KONFLIKHANTERING

- **Konfronteer** die konflik op 'n besliste wyse.
- **Samewerking** met die individue/partye.
- **Skikking**.
- **Akkommodasie** van die individue/partye.
- **Ignoreer** die konflik.

Daar is geen regte of verkeerde benadering wanneer dit kom by konflikhantering en geskilbeslegting nie. Enige van bogenoemde benaderings, indien 'toepaslik' aangewend, kan daartoe aanleiding gee dat die konflik óf doeltreffend óf ondoeltreffend gehanteer word.

Om jou eie 'voorkeur' of meer natuurlike konflikhanteringsstyl te bepaal, kan jy hierdie webwerf besoek – jy sal ook terugvoering ontvang oor wanneer die betrokke styl minder of meer doeltreffend in die gegewe omstandighede is:

<https://www.usip.org/public-education/students/conflict-styles-assessment>

GESKILLE MET BETREKKING TOT REGTE EN BELANGE

Geskille rondom regte het hul oorsprong in die reg tot iets wat vervat is in wetgewing (statute, regspraak, die gemeenereg) en ander regtens-bindende ooreenkomste. As eerste stap in sodanige konflik of geskil, word die partye aangemoedig om te probeer om die saak op te los deur konsensus te bereik of deur middel van dialoog en kommunikasie, met of sonder die hulp van 'n fasiliteerder of bemiddelaar. Indien die individue en/of partye nie 'n vriendelike ooreenkoms of skikking kan bereik nie, sal hulle die reg hê (in meeste gevalle) om voort te gaan met 'n beregtigingsproses soos arbitrasie of 'n hofgeding.

Belange-geskille en -konflik ontstaan nie as gevolg van regte nie maar eerder weens 'n 'belang' wat 'n individu of groep het in die verkryging van iets. Hierdie konflikte en geskille moet ook aanvanklik tussen die individue aangespreek word met die oog daarop om moontlik konsensus te bereik, bv. beraadslaging en onderhandeling. Fasiliteerders en bemiddelaars kan ook gebruik word waar die partye daartoe instem. Indien konflik rondom 'belange' nie konsensueel of vreedsaam opgelos kan word nie, kan individue en groepe hul moontlik wend tot ander vorms van optrede, met inbegrip van protesoptogte, besetting, geweld, en, in die werkplek, stakings, uitsluiting en plakkaatdemonstrasies (picketing). Sekere tipes optrede kan selfs onwettig wees, in welke geval dit deur middel van regskanale en -meganismes beslis sal moet word.



MECHANISMS TO EFFECTIVELY MANAGE CONFLICT AND RESOLVE DISPUTES

- Effective and credible **procedures** and processes for people and groups to **raise issues, concerns, grievances, disputes and conflict**.
- Effective conflict management and dispute resolution early warning and preventative mechanisms established through the setting up of effective representative **committees / forums / structures** for consensus seeking and relationship building (see Annexure 1).
- The **use of external independent facilitators and mediators** ('conflict coaches') to assist the parties in their conflicts and disputes. (See Annexure 6 for more information about mediation; when to use it and who should be involved).

The above mechanisms for managing conflict and for resolving different types of disputes have been presented below in the **annexures**, with each setting out a practical guide on 'how to' implement the mechanism or process. A differentiation has been made between dealing with **labour and workplace conflicts and disputes** and conflicts pertaining to other (non-labour/workplace) areas, often referred to more broadly as '**community conflicts and disputes**'. These can include:

- **The rights and responsibilities of landowners and occupiers.**
- **NEMA related conflicts and disputes.**
- **ESTA related conflicts and disputes.**
- **Other types of disputes, including land claims, trespassing and theft.**

BARRIERS TO EFFECTIVE DISPUTE RESOLUTION

It is important that the 'ground rules' at the start of dispute resolution (discussed later) include a differentiation between dispute resolution (the process of finding solutions to a point of disagreement or conflict) and dispute management (the allocation of rights, responsibilities and blame in order to close a matter). Dispute resolution, if it is to succeed, requires a reconciliation of the human components of the conflict.

MEGANISMES VIR DOELTREFFENDE KONFLIKHANTERING EN GESKILBESLEGTING

- Effektiewe en geloofwaardige **prosedures** en prosesse vir mense en groepe **om kwelpunte, besware, griewe, geskille en konflikte te opper / aan te meld**.
- Vroeë waarskuwing- en voorkomingsmeganismes vir effektiewe konflikthantering en geskilbeslegting word bewerkstellig deur doeltreffende, verteenwoordigende **komitees / forums / strukture** in plek te hê om konsensus te bereik en verhoudinge te bou (**sien Bylae 1**).
- Die **gebruik van eksterne onafhanklike fasiliteerders en bemiddelaars** (conflict coaches) om die partye behulpsaan te wees met betrekking tot konflikte en geskille. (Verwys na **Bylae 6** vir verdere inligting oor bemiddeling, wanneer om dit te gebruik en wie betrokke moet wees.)

Bogenoemde meganismes vir konflikthantering en die beslegting van verskillende soorte geskille word aangespreek in die hieropvolgende **bylaes**. Elkeen bied praktiese riglyne oor 'hoe' die meganisme of proses geïmplementeer moet word. 'n Onderskeid word getref tussen die hantering van **arbeid- en werkplekverwante konflikte** en -geskille, en konflikte met betrekking tot ander (nie-arbeid/werkplek) aspekte, waarna daar dikwels verwys word as '**gemeenskapskonflikte en -geskille**', wat die volgende kan insluit:

- **Die regte en verantwoordelikhede van grondeienaars en bewoners.**
- **Omgewingswetgewing (NEMA)-verwante konflikte en geskille.**
- **Verblyfreg (ESTA)-verwante konflikte en geskille.**
- **Ander soorte geskille, insluitend grondeise, betreding en diefstal.**

STRUIKELBLOKKE TOT DOELTREFFENDE GESKILBESLEGTING

Dit is belangrik dat daar in die 'grondbeginsels' aan die begin van die **geskilbeslegtingsproses** (word later bespreek) 'n onderskeid getref word tussen **geskilbeslegting** (die proses om oplossings die vind waar daar meningsverskille of konflik bestaan) en geskilhantering (die toekenning van regte, verantwoordelikhede en blaam om die saak af te sluit). Vir geskilbeslegting om te slaag, moet daar versoening bewerkstellig word tussen die menslike komponente van die konflik.

LAND RELATED CONFLICT

GRONDVERWANTE KONFLIK

Land and land reform are emotive issues, often leading to conflict on farms. Unresolved restitution and labour tenant claims, tenure disputes, disputes regarding visitation of graves, visitors, livestock, access to water etc. can easily escalate and get out of hand. Often different understanding of the rights and duties conferred by laws such as the Labour Tenants Act (LTA) and the Extension of Security of Tenure Act (ESTA) are at the root of such disputes. Often persons or organisations with agendas (political or otherwise) fuel these tensions. A serious lack of implementation of settlements and legislation by the responsible departments cause serious frustration and can escalate conflict.

There is no statutory body akin to the CCMA that has been set up to mediate and arbitrate labour disputes for land. This is problematic, because parties to such disputes are then left with few options to come to amicable settlements. These matters often either end up in court or are not dealt with at all and keeps on simmering until it turns violent. Litigation can be prohibitively expensive and often does not address the root causes of conflict.

Training by reputable service providers in land reform legislation provisions and rights and duties conferred by such legislation may be helpful.

The ESTA Amendment Act provides for land rights management committees that will consist of representatives of occupiers, labour tenants, communal property associations, various land owners, officials from the Department of Rural Development and Land Reform, state institutions with vested interests in land matters, various relevant non-government organisations and civil society organisations, local farming and business development agencies, organised labour and representatives of the local government structures. One of the functions of these committees, once they are set up, will be to identify and monitor land rights disputes observed through adequate participation of all actors whose relative rights are contested; and take steps to resolve a dispute. In the event that a dispute cannot be resolved, refer such dispute to the Land Rights Management Board.

The proposed Land Court Bill also provides for the court to order compulsory mediation in a land dispute. The court may specify the time, date and the place where such process is to start; and appoint a fit and proper person as mediator to chair the first meeting between the parties. The parties may at any time during the course of the mediation, by agreement, appoint another person to mediate the dispute. If the parties to the mediation are not able to resolve the matter to the satisfaction of all the parties, or one or more of the parties to the mediation so request, the mediator must, in the prescribed manner, refer the matter to the Court for adjudication.

Grond en grondhervorming is emosionele aangeleenthede wat dikwels aanleiding gee tot konflik op plase. Onopgeloste restituisie- en huurarbeiderseise, verblyfsgeskille, geskille rakende grafte, besoekers, vee, toegang tot water ens. kan maklik eskaleer en hande uitruk. Verskillende persepsies van regte en verpligtinge ingevolge wetgewing soos die Huurarbeiderswet (LTA) en die Wet op die Uitbreiding van Verblyfsekerheid (ESTA) is dikwels onderliggend aan sodanige geskille. Mense of organisasies met agendas (politie of andersins) vererger dikwels hierdie spanning. 'n Gebrek aan implementering van skikkings en wetgewing deur die verantwoordelike departemente veroorsaak erge frustrasie en kan die konflik laat eskaleer.

Daar is geen statutêre liggaam soos die CCMA wat bemiddeling en arbitrasie in die geval van grondverwante geskille behartig nie. Dit is problematies omdat die partye tot sodanige geskille min opsies het om vreedsame skikkings te bereik. Hierdie aangeleenthede eindig dikwels in die hof of word geensins aangespreek nie en sluimer bloot voort totdat dit tot geweld lei. Litigasie kan ontsettend duur wees en spreek dikwels nie die onderliggende oorsake van die konflik aan nie.

Opleiding deur betroubare diensverskaffers met betrekking tot die bepalings van grondhervormingswetgewing, asook regte en verpligtinge aangaande sodanige wetgewing, kan van hulp wees in hierdie verband.

Die Verblyfreg-wysigingswet maak voorsiening vir grondregte-bestuurskomitees wat sal bestaan uit verteenwoordigers van bewoners, huurarbeiders, gemeenskaplike eiendomsverenigings, grondeienaars, amptenare van die Departement van Landbou, Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming, staatsinstellings met gevestigde belange in grondsake, verskeie tersaaklike nie-regeringsorganisasies en burgerlike samelewingsorganisasies, plaaslike boerdery- en besigheidsontwikkeling-agentskappe, georganiseerde arbeid en verteenwoordigers van plaaslike regeringstrukture. Een van die funksies van hierdie komitees, nadat hulle saamgestel is, is om grondregte-geskille te identifiseer en te monitor deur genoegsame deelname van alle spelers wie se relatiewe regte in dispuut is, en om stappe te neem om sodanige geskille te besleg. In die geval waar 'n geskil nie besleg kan word nie, word dit verwys na die Grondregtebestuursraad.

Die voorgestelde Grondhof-wetsontwerp maak ook voorsiening vir die hof om 'n bevel uit te reik vir verpligte bemiddeling in 'n grondgeskil. Die hof mag die tyd, datum en plek waar sodanige proses moet begin spesifiseer, en 'n bekwame persoon aanstel as bemiddelaar om te dien as voorsitter van die eerste vergadering tussen die partye. Die partye mag te eniger tyd gedurende die bemiddeling, per ooreenkoms, 'n ander persoon as bemiddelaar aanwys. Indien die partye tot die bemiddeling nie daarin slaag om die geskil tot die tevredenheid van alle partye op te los nie, of indien een of meer van die partye tot die bemiddeling dit versoek, moet die bemiddelaar, op die voorgeskrewe wyse, die saak na die hof verwys vir 'n beslissing.

MANAGING WORKPLACE CONFLICT AND DISPUTE RESOLUTION

KONFLIKHANTERING EN GESKILBESLEGTING IN DIE WERKPLEK

RIGHTS AND DUTIES OF EMPLOYERS AND WORKERS

The rights and duties of employers and workers are found mainly in the common law, statutes, collective agreements, policies, procedures, practices and individual contracts of employment.

In terms of the common law:

Employers are required to:

- Provide work for their workers.
- Pay their workers remuneration due.
- Provide a healthy and safe working environment.

Workers are required to:

- Attend work regularly and punctually.
- Work efficiently and diligently (comply with all reasonable, lawful instructions).
- Further the good of their employer's business.

The employer's right to set valid and reasonable workplace rules and standards, to discipline and to manage poor performance, is recognised in the LRA and the Code of Good Practice Dismissal (Schedule 8).

The workers' right to fairness (substantive and procedural) is also recognised in the LRA (section 185) and the Code of Good Practice (Schedule 8).

THE SOURCE OF OUR WORKPLACE RULES AND STANDARDS

The foundation for our **labour relations, dispute resolution and workplace conflict management** are to be found in:

- Section 23(1) of the **Constitution of the Republic of South Africa**, Act 108 of 1996 that states that 'Everyone has the right to fair labour practices,' and
- The **Labour Relations Act (LRA)**, Act 66 of 1995, where section 1 states its purpose to be 'the advancement of economic development, social justice, **labour peace** and the democratisation of the workplace'.

LRA section 1(d) speaks specifically to labour peace and to the promotion of –

- orderly collective bargaining.
- collective bargaining at sectoral level.
- employee participation in decision-making in the workplace; and**
- the effective resolution of labour disputes.**

REGTE EN VERPLIGTINGE VAN WERKGEWERS EN WERKNEMERS

Die regte en verpligtinge van werkgewers en werknemers word hoofsaaklik geregleer ingevolge die gemene reg, wetgewing, kollektiewe ooreenkomste, beleid, prosedures, praktyke en individuele dienskontrakte.

Ingevolge die gemene reg:

Werkgewers is verplig om:

- Werk te verskaf aan hul werknemers.
- Hul werknemers die vergoeding te betaal wat hulle toekom.
- 'n Gesonde en veilige werksomgewing te voorsien.

Werknemers is verplig om:

- Hul werk gereeld en stiptelik te verrig.
- Hul werk deeglik en pligsgetrou te verrig (ingevolge alle redelike, wettige instruksies).
- Ter bevordering van die werkgewer se besigheid te werk.

Die werkgewer se reg om geldige en redelike werkplekreëls en -standaarde te stel; om dissipline te handhaaf; en om swak prestasie te bestuur, word erken in die Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV) en die Kode van Goeie Praktyk: Ontslag (Skedule 8).

Die werknemers se reg tot billikheid (substantief en prosessueel) word ook erken in artikel 185 van die Wet op Arbeidsverhoudinge en in die Kode van Goeie Praktyk (Skedule 8).

DIE OORSPRONG VAN ONS WERKPLEKREËLS EN -STANDAARDE

Die grondslag van ons **arbeidsverhoudinge, geskilbeslegting en konflikthantering in die werkplek** is te vinde in:

- Artikel 23(1) van die **Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika**, Wet 108 van 1996, naamlik: 'Elkeen het die reg op billike arbeidspraktyke', en
- Artikel 1 van die **Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV)**, Wet 66 van 1995, wat die doel van die wet soos volg beskryf: 'om ekonomiese ontwikkeling, maatskaplike geregtigheid, **arbeidsvrede** en die demokratisering van die werkplek te bevorder'.

Artikel 1(d) van die WAV verwys spesifiek na arbeidsvrede en die bevordering van –

- ordelike kollektiewe bedinging;
- kollektiewe bedinging op sektorale vlak;

- The **LRA Code of Good Practice: Collective Bargaining, Industrial Action and Picketing** refers to section 1(d) and emphasises the importance of –
 - i. promoting trust and mutual understanding and constructive engagement; and
 - ii. promoting the maximum involvement of workers and worker representatives in negotiations.

A key principle of the LRA is that employers and workers should treat each other with mutual respect.

Meaningful social dialogue, collaboration and co-determination are key intentions of the above statutes and code.

The Agri SA conflict management and dispute resolution guide proposes **three mechanisms for effectively engaging workplace conflict and labour disputes**.

1. The first is the **individual grievance mechanism (Annexure 2)**.
2. The second is the establishment of a **workplace/labour communication forum (Annexure 3)**.
3. The third is the engagement of an **external workplace (or community where appropriate) mediator or facilitator for workplace mediation/facilitation (Annexure 4)**.

In addition to this guide, training and capacity building for the setting up of the processes and structures mentioned, as well as the training, capacity building and mentoring for the skills required by individuals and groups to effectively participate and engage in the mechanisms are also available through the organisations listed in Annexure 5.

- iii. **werknemerdeelname aan besluitneming in die werkplek; en**
- iv. **die doeltreffende beslegting van arbeidsgeskille.**

- Die **WAV Kode van Goeie Bedryfspraktyk: Kollektiewe Bedinging, Arbeidsoptrede en Plakkaatprotes** verwys na artikel 1(d) en beklemtoon die bevordering van –
 - i. vertroue en wedersydse begrip en konstruktiewe betrokkenheid; en
 - ii. maksimum betrokkenheid deur werknemers en werknemerverteenwoordigers in onderhandelinge.

'n Sleutelbeginsel van die WAV is dat werkgewers en werknemers mekaar met wedersydse respek moet behandel.

Sinvolle sosiale dialoog, samewerking en gesamentlike besluitneming is sleuteloogmerke van die bogenoemde wette en kode.

Agri SA se Konflikthantering- en Geskilbeslegting-handleiding stel **drie meganismes vir doeltreffende skakeling rondom werkplekkonflik en arbeidsgeskille** voor:

1. Die eerste is die **individuele griewe-meganisme (Bylae 2)**.
2. Die tweede is die **daarstelling van 'n werkplek/ arbeidskommunikasieforum (Bylae 3)**.
3. Die derde is die gebruik van 'n **eksterne werkplek- (of waar van toepassing, 'n gemeenskapsbemiddelaar of -fasiliteerder vir bemiddeling/fasilitering in die werkplek (Bylae 4)**.

Benewens hierdie handleiding, is daar ook 'n lys van organisasies (sien Bylae 5) wat kan help met opleiding en kapasiteitsbou om bogenoemde prosesse en strukture te skep, asook om aan individue en groepe die nodige opleiding, kapasiteitsbou en mentorskap te voorsien om doeltreffend aan sodanige meganismes te kan deelneem.



CONFLICT MANAGEMENT AND DISPUTE RESOLUTION ON FARMS THROUGH CONSENSUS SEEKING AND TRUST BUILDING

KONFLIKHANTERING EN GESKILBESLEGTING OP PLASE DEUR KONSENSUS TE BEREIK EN VERTROUW TE BOU

Committees, forums and structures may effectively be established in communities and in various areas for 'interested and affected' individuals and groups to consult, communicate and engage each other in a proactive and collaborative manner on matters of 'mutual interest' affecting both the workplace (the farm) and the community.

In addition to internal labour and workplace structures, committees and communication forums can also be established with representatives of the farm or various farms (the respective workplaces), government officials and the 'community' to deal with matters of mutual interest and concern to the parties involved. The involvement, independence and commitment from the relevant government officials is a critical factor in ensuring successful and sustainable outcomes.

The setting up of these structures/mechanisms may be done by and between the parties themselves or they could enlist the assistance of an independent facilitator or mediator to help them in doing this, including the drafting up of an agreement (the terms of reference) between the parties on how the structure will operate.

'Buy in' to the structure and representation on and participation in the structure will be essential for it to have credibility and for it to operate effectively. Facilitators listed in Annexure 5 below could assist with this (often referred to as 'dispute systems design'), where it would be beneficial for the parties to have the knowledge and skills of an independent experienced person in this field.

A process outline for the chairing and the facilitation of joint problem-solving meetings is set out below. The chairperson of the meeting and the representatives at the meeting should be agreed to in the terms of reference for the meeting or forum, the chairperson could also with the agreement of the parties (in the terms of reference), be rotated, giving different members the opportunity to play this role. If the parties so elect, an independent facilitator could also chair the initial meetings to get the process up and running and simultaneously provide through their skills as a facilitator and a mediator; capacity building, mentoring and training of the chairperson/s and representatives elected to the 'forum' or committee.

Komitees, forums en strukture kan effektief saamgestel word in gemeenskappe en in verskeie gebiede vir 'belanghebbende en geaffekteerde' individue en groepe om op 'n praktiese en samewerkende wyse met mekaar te beraadslaag, kommunikeer en gesprek te voer oor sake van 'wedersydse belang' wat 'n impak het op beide die werkplek (die plaas) en die gemeenskap.

Benewens interne arbeids- en werkplekstrukture, kan komitees en -kommunikasieforums ook ingestel word, met verteenwoordigers van die plaas of verskeie plase (die onderskeie werkplekke), regeringsamptenare en die 'gemeenskap', om te handel met sake van wedersydse belang vir die betrokke partye. Die betrokkenheid van die tersaaklike regeringsamptenare is 'n kritieke faktor om suksesvolle en volhoubare uitkomst te verseker.

Die opstel van sodanige strukture/meganismes kan deur en tussen die partye as sulks gedoen word, of hulle kan 'n onafhanklike fasiliteerder of bemiddelaar nader om hulle daarmee te help, insluitend die opstel van 'n ooreenkoms (verwysingsraamwerk) tussen die partye oor hoe die struktuur bedryf sal word.

Betrokkenheid by, asook verteenwoordiging in en deelname aan die struktuur, sal noodsaaklik wees met die oog op geloofwaardigheid en die doeltreffende bedryf daarvan. Fasiliteerders gelys in Bylae 5 hieronder kan daarmee behulpsaam wees waar dit voordelig vir die partye sal wees om toegang tot die kennis en vaardighede van 'n onafhanklike ervare persoon in hierdie veld te hê (dikwels na verwys as 'dispuutstelselontwerper').

Die proses rondom die voorsitterskap en fasilitering van gesamentlike probleemoplossingsvergaderings word hieronder uiteengesit. Die voorsitter en verteenwoordigers by die vergadering moet ooreenkom op 'n verwysingsraamwerk vir die vergadering of forum. Die voorsitterskap kan ook geroteer word met die instemming van die partye (in die verwysingsraamwerk) ten einde verskillende lede 'n geleentheid te gee om hierdie rol te vervul. Indien die partye akkoord gaan, kan 'n onafhanklike fasiliteerder ook as voorsitter tydens die aanvanklike vergaderings dien om die proses aan die gang te kry en, gegewe hul vaardighede as fasiliteerder en bemiddelaar, terselfdertyd behulpsaam wees met kapasiteitsbou, mentorskap en opleiding vir die voorsitters en verteenwoordigers wat tot die 'forum' of komitee verkies word.



A PROPOSED MEETING / JOINT PROBLEM SOLVING MODEL

Stage One:

Introduction (Creating the 'climate' for consensual dialogue)

- Introductions, establishing meeting protocols/'ground rules' (creating a conducive problem solving environment).
- Clarifying purpose for meeting, issues etc.
- Agenda for meeting.
- Address minutes/outstanding issues from previous meeting/s.

Stage Two:

(Analysis)

- Engage in discussion about agenda items, seek to understand each other's issues, needs, concerns and inputs.
- Explore each other's needs and interests and attempt to prioritise the order in which to address the issues.

Stage Three:

(Problem solving)

- Engage in consultation and joint problem solving to generate options for possible solutions.

Stage Four:

(Designing)

- Jointly identify 'objective criteria' (SWOT analysis etc.) to select and determine action plans.
- What is to be done?
- How is it to be done?
- Who is to be responsible for doing it?
- When should it be done?
- Draft/confirm 'action plan' and 'next steps'.

'N VOORGESTELDE VERGADERING- / GESAMENTLIKE PROBLEEM-OPLOSSINGSMODEL

Stadium Een:

Bekendstelling (Skep 'n 'klimaat' vir konsensuele dialoog)

- Bekendstellings, formuleer vergaderingprotokols/'grondbeginsels', (skep 'n gunstige omgewing vir probleemoplossing).
- Verduidelik die doel van die vergadering, besprekingspunte ens.
- Sakelys van die vergadering.
- Bespreek die die notule / uitstaande punte van vorige vergadering(s).

Stadium Twee:

(Ontleding)

- Bespreek items op die sakelys; probeer om mekaar se kwelpunte, besware en insette te verstaan.
- Verken mekaar se behoeftes en belange en probeer om prioriteite te identifiseer vir bespreking.

Stadium Drie:

(Probleemoplossing)

- Beraadslaging en 'n gesamentlike poging om opsies vir moontlike probleem-oplossing te vind.

Stadium Vier:

(Ontwerp)

- Gesamentlike identifisering van 'objektiewe kriteria' (SWOT-ontleding ens.) om aksieplanne te selekteer en te bepaal.
- Wat moet gedoen word?
- Hoe moet dit gedoen word?
- Wie is verantwoordelik daarvoor om dit te doen?
- Teen wanneer moet dit gedoen word?
- Formuleer/bevestig 'aksieplan' en 'volgende stappe'.

WORKPLACE GRIEVANCE PROCEDURE

WERKPLEKGRIEWE- PROSEDURE

OBJECTIVE OF THE PROCEDURE

Individual and group conflict is inherent and inevitable in workplaces, but it is also completely manageable, and it can lead to positive outcomes if engaged constructively.

It is preferable to first attempt to manage conflicts and to resolve disputes in as informal a manner as possible, however in order to maintain a healthy working environment, employers should, in addition, provide workers with a formal process for raising grievances.

The grievance procedure should attempt to resolve grievances as close to their source as possible, as soon as possible and through meaningful consultation, dialogue and joint problem solving with worker participation in this decision making.

KEY PRINCIPLES UNDERLYING THE PROCEDURE

The grievance procedure should be and perceived to be legitimate and credible and employees/workers should feel that they are able to raise their grievances effectively and without any fear of victimisation or recrimination.

To ensure the legitimacy and credibility of the Grievance Procedure, employers and workers should jointly engage on the following:

1. Where there is **an existing grievance procedure** in place, look at the procedure below (in this Annexure) to determine whether there is any necessity to amend the current procedure.
2. Where **no grievance procedure** exists, consult jointly over the adoption of the procedure below or a similar one best suited to the respective workplace environment.
3. **Implement the grievance procedure and brief all managers, supervisors and workers on the use of the procedure.**
4. Following the awareness sessions, **training** should be facilitated where necessary for capacitating managers, supervisors and workers **on how to effectively implement the procedure.**
5. **Copies of the procedure** should be made **easily available and accessible** to all workers.
6. The grievance process should focus on **constructive engagement** and dialogue between the parties with the aim of identifying the issues in dispute, and agreeing mutually acceptable, sustainable solutions.
7. The grievance process should have **agreed time frames for feedback**, and these should be adhered to to ensure the legitimacy of the procedure.
8. Where the **confidentiality** of the worker's grievance is requested, this should also be adhered to.

DOEL VAN PROSEDURE

Individuele en groepskonflikte is inherent aan en onvermydelik in werkplekke, maar dit is ook geheel en al bestuurbaar en kan lei tot positiewe uitkomstes indien gesprekvoering konstruktief geskied.

Daar moet verkieslik eers 'n poging aangewend word om konflik te bestuur en om geskille so informeel as moontlik op te los. Ten einde 'n gesonde werksomgewing te handhaaf, moet werkgewers egter ook voorsiening maak vir 'n formele proses waarvolgens werknemers hul griewe kan lug.

Die doel van die grieweproses moet wees om griewe so naby moontlik aan die oorsprong op te los – so spoedig moontlik en deur middel van sinvolle beraadslaging, dialoog en gesamentlike probleem-oplossing, asook met werknemers se deelname aan sodanige besluitneming.

SLEUTELBEGINSELS ONDERLIGGEND AAN DIE PROSEDURE

Die grieweprosedure moet legitiem en geloofwaardig wees (en as sodanig geag word) en werknemers/workers moet voel dat hulle hul griewe effektief en sonder enige vrees vir viktimisasie of beskuldiging kan lug.

Om die legitimiteit en geloofwaardigheid van die grieweprosedure te verseker, moet werkgewers en werknemers gesamentlik beraadslaag oor die volgende:

1. Waar 'n **bestaande grieweprosedure** in plek is, verwys na die prosedure hieronder (in hierdie bylae) om te bepaal of dit nodig is om die huidige prosedure te wysig.
2. Waar **geen grieweprosedure** in plek is nie, beraadslaag gesamentlik oor die aanvaarding van hierdie prosedure of 'n soortgelyke een wat meer toepaslik is in die betrokke omgewing.
3. **Implementeer die grieweprosedure en lig alle bestuurders, toesighouers en werknemers in oor die toepassing van die prosedure.**
4. Ná afloop van die bewusmakingssessies moet **opleiding** gefasiliteer word waar nodig om bestuurders, toesighouers en werknemers in staat te stel **om die prosedure doeltreffend te implementeer.**
5. **Afskrifte van die prosedure** moet **geredelik beskikbaar en toeganklik** vir alle werknemers wees.
6. Die grieweprosedureproses moet fokus op **konstruktiewe gesprekvoering** en dialoog tussen die partye ten einde die redes vir die geskil te identifiseer en om wedersyds aanvaarbare en volhoubare oplossings te vind.
7. Die grieweprosedure moet onderhewig wees aan **ooreengekome spertye vir terugvoering**, en daar moet voldoen word aan sodanige spertye om die legitimiteit van die prosedure te verseker.

9. The process should ensure that grievances are settled as near to their point of origin as possible, and that they are **settled in a speedy and fair manner**.
10. **Responsibility for the implementation** of the grievance procedure should be given to a **senior manager** who has the respect and credibility with the parties for their impartiality.

GUIDELINES FOR EMPLOYERS AND WORKERS ON HOW TO IMPLEMENT AND HOW TO USE THE GRIEVANCE PROCEDURE

What is a grievance?

- It is any concern, unhappiness or discontent that a worker might have about a workplace issue.

Who can raise a grievance?

- Any worker (or in certain specific circumstances a group of workers).

How is a grievance raised?

- Workers may raise their grievance/s informally or formally in terms of the grievance procedure.
- It is in the interests of employers and workers that workers be given the opportunity to raise their grievances, and that in so doing they:
 - Be given a fair hearing by their immediate supervisor/manager concerning any grievance they may wish to raise.
 - Have the right to appeal to a more senior manager against a decision made by their supervisor/manager.
 - Have the right to be accompanied by a fellow worker of their choice or a union representative (where there is a recognition agreement in place) when raising a grievance.
- While it is preferable that workers use the grievance form provided below or a similar one adopted by the respective workplace to raise grievances, should workers wish to raise their grievance with their supervisor (stage one of the process), or to the next higher level of management (stage two of the process) in another appropriate manner or format, they should be permitted to do so.
- Such manner may include a fellow worker or a worker representative raising the matter on their behalf.

8. Waar daar 'n versoek is dat die werknemer se grief **vertroulik** gehanteer word, moet daar voldoen word aan sodanige versoek.
9. Die proses moet verseker dat griewe so naby moontlik aan die punt van oorsprong geskik word en dat dit **op 'n spoedige en billike wyse geskied**.
10. **Verantwoordelikheid vir die implementering** van die grieweprosedure moet toegeken word aan 'n **senior bestuurder** wat die partye as geloofwaardig ag en respekteer vir sy/haar onpartydigheid.

RIGLYNE VIR WERKGEWERS EN WERKNEMERS OOR HOE OM DIE GRIEWEPROSEDURE TE IMPLEMENTEER EN TE GEBRUIK

Wat is 'n grief?

- 'n Grief is enige beswaar, ontevredenheid of ongelukkigheid wat 'n werknemer ervaar oor enigiets in die werkplek.

Wie kan griewe lug?

- Enige werknemer (of in sekere omstandighede 'n groep werknemers).

Hoe word griewe gelug?

- Werknemers mag hul griewe informeel, of formeel ingevolge die grieweprosedure, lug.
- Dit is in die belang van werkgewers sowel as werknemers dat werkers 'n geleentheid gegun word om hul griewe te lug en dat hulle, in die proses:
 - Op billike wyse aangehoor word deur hul onmiddellike toesighouer/bestuurder wanneer hulle enige griewe wil lug.
 - Die reg het om appèl aan te teken by 'n meer senior bestuurder teen 'n besluit van die toesighouer/bestuur.
 - Die reg het om bygestaan te word deur 'n mede-werknemer van hul keuse of 'n vakbondvertegenwoordiger (waar 'n erkenningsooreenkoms in plek is) wanneer 'n grief aanhangig gemaak word.
- Terwyl dit verkieslik is dat werknemers gebruik maak van die griewevorm wat hieronder voorsien word, of 'n soortgelyke een wat deur die betrokke werkplek aanvaar is, moet werknemers ook toegelaat word om hul griewe op 'n ander toepaslike wyse, of in 'n ander formaat, met hul toesighouer (stadium een van die proses) of 'n hoër bestuursvlak (stadium twee) op te neem.
- Hierdie wyse kan insluit die moontlikheid dat 'n mede-werknemer of werknemersvertegenwoordiger die grief namens die werknemer lug.

What does a grievance form look like and where should the forms be kept?

- A copy of a grievance form has been attached below.
- Grievance forms should be made available to all workers in places that are easily and confidentially accessible to them, examples of such places could be change rooms, workshops and other places regularly frequented by workers.

Who is the grievance lodged with?

- The grievance is lodged with the worker's immediate supervisor/manager. Where the grievance is against the supervisor/manager, the worker may raise the grievance with the supervisor's manager. This is done by the worker handing the grievance to the particular supervisor or manager.
- Where it is the worker's supervisor/manager that they are raising the grievance against:
 - The worker may request that another manager hears his/her grievance where the grievance is against his/her immediate manager/supervisor.
 - Such permission should not be unreasonably refused by the supervisors/managers concerned.
 - Where the grievance is of such a nature that it is felt that an external independent person should hear the grievance, such a person may be engaged (contact details are in Annexure 5).

What should a supervisor/manager do if a grievance is lodged?

On receipt of a grievance from a worker, the applicable supervisor/manager should investigate the matter within the time frames set in the procedure and convene any necessary meetings in this regard.

STAGE ONE: Where the grievance is raised verbally with the immediate supervisor/ manager.

The immediate supervisor/manager must:

- Give the worker an opportunity to freely express their concerns in confidence.
- Listen to the worker's grievance and attempt to identify the issues of concern.
- Provide the worker with a decision regarding the grievance as quickly as reasonably possible.

The parties should meet and seek to resolve the grievance within two working days of the grievance being raised by the worker.

Hoe lyk 'n griewevorm en waar moet die vorms gehou word?

- 'n Afskrif van 'n griewevorm verskyn hieronder.
- Griewevorms moet beskikbaar wees vir alle werkers op 'n plek wat maklik en vertroulik toeganklik vir hulle is, bv. kleedkamers, werkwinkels en ander plekke wat werknemers dikwels besoek.

By wie moet die griewe aanhangig gemaak word?

- Die grief word opgeneem met die werknemer se onmiddellike toesighouer/bestuurder. Waar die grief verband hou met die toesighouer/bestuurder, mag die werknemer die grief opneem met die toesighouer se bestuurder. In hierdie geval verwys die werknemer die grief na die betrokke toesighouer of bestuurder.
- Waar die grief verband hou met die werknemer se toesighouer/bestuurder:
 - Die werknemer mag versoek dat 'n ander bestuurder sy/haar grief aanhoor waar die grief teen sy/haar onmiddellike bestuurder/toesighouer is.
 - Die betrokke toesighouers/bestuurders mag nie sodanige versoek onredelik weier nie.
